Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 16 Feb. 1949 Prys 3d. No. 13

## Natal Sal Op 26 Deser Beraadslag

**Die Offisiersvergadering van Natal (Gebied D) word op Saterdag 26 Februarie op Amajuba gehou en nie op 25 Februarie nie soos voorheen aangekondig is. Die verrigtinge begin om 2.30 n.m.**

**Die sametrek by Amajuba begin dus amptelik die 26e en nie op 25 Februarie nie.**

# Gebied F Aanvaar G.R.-Besluit Met Geesdrif

**„Ons offisiere van die Ossewabrandwag wat hier aanwesig is op die offisierslaertrek onderneem hier elkeen afsonderlik en almal gesamentlik opnuut 'n belofte van trou aan die Ossewabrandwag en sy verklaarde beleid as Volksbeweging in sy strewe om uiteindelik algehele volksvryheid en omvattende volkseenheid en samewerking te bewerkstellig."**

Hierdie plegtige belofte is op 5 Februarie staande en met saluut deur 250 offisiere van Noord-Transvaal (Gebied F) afgelê by geleentheid van die saamtrek waarop die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, die politieke toestand breedvoerig behandel het. Die leiding wat die Grootraad gegee het, is met geweldige geesdrif aanvaar.



**Prof. H. M. v.d. Westhuysen, Leier van Gebied F.**

### EENPARIG

Die besluit van die Grootraad om die K.G. vir die volgende ampstermyn weer aan te stel, is eenparig deur die offisiere bekragtig. Alle offisiere teenwoordig is weer deur die K.G. heraangestel.

Die algemene gees van die vergadering was uitstekend.

(Berig: P. W. Buys, Sanlamgebou 616, Pretoria.)

# VERGADERING-OPBREEK DREIG HOOFSTRYDPUNT IN VERKIESING TE WORD

**Die belangrikste strydpunt tussen die twee vegtende partye in die provinsiale verkiesings, te oordeel na die afgelope week, skyn nie meer apartheid of moedertaalonderwys te wees nie, maar die vraag wie verantwoordelik is vir die opbreek van vergaderings. Die mondstukke van die twee partye het selfs drie-kolom-berigte met voorbladillustrasies gehad oor hierdie partypolitieke bedrywigheid wat nou eenmaal 'n sykraampie is van alle verkiesings.**

In die Skiereiland, so het die opposisie-pers berig, is verskeie vergaderings van Verenigde Party - sprekers doodgeskree deur 'n „georganiseerde bende" van H.N.P.-volgelinge. Daar is vertel hoe op elke vergadering daar 'n „voorman" is wat die oproeriges lei en openlik tekens gee hoe hul gedrag moet wees. „Die geheim," so het dit in een van die berigte gelui, „is om net hierdie persoon te ontdek en dan kan vooruit bepaal word wat gaan gebeur!"

Die grootste opsweping het gespruit uit 'n vergadering op Newlands, Johannesburg, waar Verenigde Party-sprekers se opelug-vergadering opgebreek is en etlike „slagoffers" in die hospitaal beland het, „'n Gesette jong vrou met 'n nousluitende rooi rok" was glo verantwoordelik vir die aanhitsingswerk terwyl mans met „naakte bolywe" die slaanwerk sou gedoen het.

### „UITGELOK"

Op hierdie aantygings het die H.N.P.-pers met groot voorbladberigte geantwoord. Die H.N.P.-ondersteuners, so is verklaar, is tot die geveg uitgelok deur „vreemdelinge" wat uit 'n naburige kiesafdeling gekom het. „Sommige moes so ver as twaalf myl gery het" is betoog. Hierdie „vreemdelinge" blyk glo te wees lede van die Springboklegioen wat aan die sprekers verskaf is om „orde op die vergadering te handhaaf". Volgens die berigte in H.N.P.-koerante sou die gehoor, wat grotendeels uit H.N.P.-ondersteuners bestaan het, beswaar gemaak het teen die teenwoordigheid van die „vreemdelinge" en het die hele moeilikheid ontstaan toe 'n vrou se rok oopgeruk is deur een van die orde-handhawers.

Die H.N.P.-pers sê dat die V.P. die aandag wil aflei van apartheid deur opbreking van vergaderings die hoofstrydpunt te maak.

### LIEDERLIK

**Wat die ware toedrag van sake ook al mag wees, die feit bly dat hierdie bakleiery op openbare vergaderings onder demokratiese banier — waar vryheid van spraak een van die hoogs geroemde vryhede is — 'n liederlike en volksvernederende sleepsel is van die huidige politieke stelsel met sy grondslag van konstitusionele burgeroorlog.**

Die volk word doelbewus en konstitusioneel in vegtende groepe opgedeel wat mekaar met gereelde tussenposes moet beoorlog met verdagmakery, leuens en skeldtaal. **In hierdie stryd is kwessies van beleid op die agtergrond soos die strategiese planne van 'n generale staf ver verwyderd is van die slagveld. Die dinge wat die deurslag gee in die verkiesing is uiteindelik nie wat in die onderskeie „programme van beginsels" staan nie, maar die opsweping van 'n half-mal-gemaakte kiesersmassa.**

### PLAKKAAT

Geen wonder dan ook dat 'n groot verkiesing soos dié in 1938 uiteindelik gewen is nie oor die kwessie van 'n republiek nie — waarvan voor die verkiesing baie verneem is — en selfs nie eens oor die „bulle en hoenderhane" van die naturelle-

(Vervolg op bladsy 8, kol. 1)

## Berg van Oorwinning



**Amajuba is vir die Afrikanervolk die simbool van oorwinning en vryheid. Op 27 Februarie sal die Ossewabrandwag oor die lengte en breedte van die land hierdie gedenkwaardige Boere-oorwinning feestelik herdenk en sal vryheidsvlamme weer hoog oplaai.**

# KLERKSDORP SE A.P. EN O.B. SAL NIE STEM NIE

**Die Afdelingsbestuur van die Afrikanerparty in die kiesafdeling Klerksdorp het op 'n vergadering wat op 9 Februarie gehou is, besluit om te volstaan by die besluit van die hoofbestuur in verband met die provinsiale verkiesings. Derhalwe sal die A.P. in die Klerksdorpse kiesafdeling buite stemming bly.**


Op 20 Januarie het die Ossewabrandwag van Klerksdorp op 'n offisiersvergadering besluit dat sover dit die O.B. aangaan daar geen verkiesing is nie.—(Berig deur T. Breedt, Opraap, Klerksdorp.)

# Bloemfontein Reël Groot Fees

**BLOEMFONTEIN: Majubadag word vanjaar hier feestelik gevier by wyse van 'n groot O.B.-funksie in die Clarendonsaal op Saterdagaand, 26 Februarie, by watter geleentheid die Brandwagte van Bloemfontein weer die eer sal hê om die adjunk-K.G., genl. J. A. Smith, as feesredenaar te hê.**

**Genl. Frans van der Walt, wat nog maar enkele maande gelede die bevel in Bloemfontein oorgeneem het, doen alles in sy vermoë om van die dag 'n groot sukses te maak. Komdte. M. M. du Plooy, van die Spoorwegkommando, sal die aand 'n koue ete by die stadsaal bedien, en verder sal vir verskeie ander vermaaklikhede gesorg word.**

Verwag word dat Brandwagte van die nabygeleë generaalskappe moeite sal doen om hierdie fees by te woon aangesien die A.K.G. vir 'n geruime tyd laas hier of elders in die Suid-Vrystaat gehoor was.



Genl. F. van der Walt.

## Pleidooi Vir Sjinese Arbeid

Propaganda vir die invoer van Sjinese werkers vir die Rhodesiese goudmyne, begin sy kop uitsteek in daardie gebied. 'n Blad wat in voeling staan met die mynindustrie het kort gelede 'n pleidooi vir so 'n stap gelewer. Hy wil die invoer van hierdie Asiate onderhewig maak aan sekere voorwaardes wat die moeilikhede wat aan die begin van die eeu in Transvaal ondervind is, moet omseil. Een daarvan is dat hulle hul gesinne moet saambring, maar ná 'n vasgestelde tydperk die land weer moet verlaat.

Laasgenoemde voorwaarde het indertyd ook vir die Natalse Indiërs gegeld — met 'n resultaat wat bekend is.

# 'n Eerbare Man Se Woord Is Sy Eer

**Tydens die algemene verkiesing wat op 26 Mei 1948 plaasgevind het, het die Herenigde Nasionale Party in die kiesafdeling Brits die verkiesingsteun van die Ossewabrandwag verkry toe die H.N.P.-kandidaat, mnr. J. E. Potgieter, tans L.V., 'n openlike onderneming teenoor die O.B. gegee het. Op 22 Mei het hy die volgende verklaring op 'n openbare vergadering gedoen:**

**„Van die O.B.-offisiere het na my gekom en versoek dat ons saamstaan. Die Afrikaner kan jy nie dryf nie, hy moet gelei word. Ons wil saamwerk, nie baklei nie. Albei mag vernietig raak. As 'n man 'n fout erken dan is hy groot. Ek erken ek het al foute gemaak, maar ek was jonk. Ek het die hand aan die O.B. gegee en ek verwag nie dat die O.B. hulle identiteit moet prysgee nie, . . . Die O.B. het een tree na my kant toe gegee, en ek sal nege na hulle gee. Ons sal mekaar so lief kry in hierdie stryd en nooit weer uit mekaar gaan nie. Ek sal in die toekoms my talente wy aan Afrikanereenheid. Ek het die swaard in die skede gedruk en die stryd is hier op 'n end en ek sal goed praat van die O.B. en hulle van my. Ek waardeer die O.B. se houding. Ons sal saamwerk en mekaar se hande nie weer loslaat nie."**

**Waarom is in Desember 1948 minder gehoor van O.B.-hande wat gevat moet word toe die H.N.P.-leiding spesifiek teen O.B.-lede gediskrimineer het deur te weier om hulle as A.P.-kandidate te aanvaar?**

*IN ALBANIË VANDAG:*

# Russiese Gesant Diktator

**Die repudiëring van maarskalk Tito deur Josef Stalin omdat hy 'n selfstandige koers inslaan, het die buurstate van Joego-Slawië wat grootliks afhanklik was van die hulp van hierdie uitworpeling van die Kremlin, in 'n besondere moeilike posisie geplaas. Hoewel hulle van hom afhanklik is, moes hulle hom repudieer en Moskou napraat met die gevolg dat Tito dadelik begin het om sy ekonomiese steun aan hulle te onttrek. Dit is veral Albanië wat die swaarste in hierdie verband getref is. Tito het nie net alle lenings gekanselleer nie, maar sy skepe ook verbied om Albanië, wat min eie skepe het, te bedien.**

Die leër van Albanië, wat op die been gebring is met die hulp van Russiese wapens en instrukteurs, is aan die lewe gehou met lenings wat Joego-Slawië aan hulle toegestaan het. Al hierdie lenings en subsidies is nou ingetrek.

Die meeste skepe van Westerse moondhede weier om by Albaniese hawens aan te doen en Albanië was dus hoofsaaklik van die skepe van Joego-Slawië afhanklik om vir sy in- en uitvoer te sorg. Toe die breuk tussen Tito en Stalin kom, het genl. Enver Hoxha, Kommunistiese leier van Albanië, hom in 'n moeilike posisie bevind, maar aangesien hy 'n ortodokse Stalin-aanhanger is, het hy Tito verwerp en selfs so ver gegaan om alle ekonomiese ooreenkomste tussen die twee buurlande te verbreek. Behalwe vir die band wat hy met Rusland het, is Albanië nou geheel en al geïsoleer.

Die ekonomiese toestand in Albanië het sedertdien benard geraak en daar het 'n voedseltekort ontstaan, berig Review of World Affairs. Selfs die noodsendings vanuit Rusland, het nie veel gehelp nie omdat 'n groot deel van die kos vir genl. Markos, die rebel van Griekeland, moes gaan.

### GESANT REGEER

Die binnelandse probleme het die volk brommend gemaak en die party-kontrole moes opgeknap word. Meer as 3,000 Kommuniste is in hegtenis geneem omdat hulle verdink word dat hulle met Tito simpatiseer. Hulle word in spesiale onderaardse tronke wat vir politieke gevangenes bedoel is, aangehou.

**Hoewel Hoxha nog mag in sy hande het, moes hy baie van sy gesag oordra aan Moskou se direkte gesant, Zozo. Hy is die hoof van die politieke polisie en die minister van binnelandse sake.**

**Zozo is 'n sadis. Hy was voorheen 'n ystersmid en hoewel hy min geleerdheid het, het hy 'n grondige kennis van Marxisme en die leerstellings van Lenin. Feit is dat hy nooit, of selde iets anders lees nie.**

Die leër van Albanië tel 60,000 goed toegeruste manne — hoofsaaklik van Russiese wapens voorsien en die meeste is op die Griekse grens gestasioneer waar hulle onder bevel van offisiere in Russiese of Albaniese uniforms staan. Daar is ook 'n aantal Russiese vliegtuie.

Die polisie tel ongeveer 13,000 of 14,000 lede. Die openbare mening is glad nie die bewind goedgesind nie en godsdienstige vervolgings ondervind sterk teenstand van die volk wat aansienlik heftiger sal wees as dit nie was dat die meeste van die geestelike leiers dood of in die tronk is nie. Ere-dienste word in die berge gehou, berig die blad.

**Albanië gee al die hulp wat hy kan aan genl. Markos om hom in staat te stel om sy stryd teen die Griekse regering voort te sit. Hy ontvang al sy toerusting deur middel van Albanië en hospitale word tot sy beskikking gestel. Vrywilligers word ook gewerf om Markos, wat besig is om die stryd te verloor, te gaan help.**

## Bomwerper Vinniger As Vegvliegtuig

'n Amerikaanse spuit-bomwerper met ses masjiene het die afgelope week 'n afstand van 2,289 myl in drie en 'n half uur afgelê. Dit het nêrens neergestryk nie en met 'n gemiddelde snelheid van 600 myl per uur gevlieg.

Die vliegtuig, wat bekend staan as die BX 47 Boeing Strato-jet word beskou as die vinnigste bomwerper ter wêreld en is selfs vinniger as jagvliegtuie. Dit beskik oor 55,000 perdekrag en kan 'n bom van 22,000 pond dra.



TRANS-AFRIKAANSE VERSEKERINGSMAATSKAPPY.
BPK

'n Eg onafhanklike Suid-Afrikaanse onderneming wat deskundige versekeringsdiens aanbied — lewensassuransie uitgesluit.

• BRAND • ONGEVALLE
• MOTOR • MARINE, ENS.

Voorsitter van die Direksie: PROF. L. J. DU PLESSIS
HOOFKANTOOR:
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG
Telefoon 33-3892 - Tel. Adres „VERSEKER"
AGENTSKAPPE DWARSDEUR SUID-AFRIKA
AANSOEKE VIR AGENTSKAPPE WORD VAN VLYTIGE AGENTE INGEWAG
ALGEMENE BESTUURDER - - A. C. KILBURN

** HIER IS GERIEF EN BILLIKE TERME!! **



Die 4-vt. „WELDOME"-slaapkamerstel volledig met hang- en dakruimte. Spieëltafel met swaaispieëls. KONTANT £41/13/-, of 'n deposito van £5/3/- en 24 maandelikse paaiemente van £1/16/6. Bypassende beddens verkrygbaar.

★

**Skryf om ons gratis Meubelkatalogus met pryslys en meld wat u verlang.**

★

Ons groot voorraad sluit in RADIO'S, WASMASJIENE, KOELKASTE, STOWE en POLITOERDERS.
— Groot afslag vir kontant —

UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK.
VICTORIAWEG 171 — WOODSTOCK


# Offisiere In Die Paarl Bevorder

**Die offisiere van die Paarlse generaalskap het verlede Woensdagaand die Biblioteeksaal volgepak toe genl. W. R. Laubscher, Voorligtingsoffisier, nuwe aanstellings wat deur die Gebiedsleier, dr. Van Zyl, gedoen is, bekendgemaak het. Hy het aangekondig dat hoogfenl. Max Smuts aangestel is as Waggeneraal vir Wes-Kaapland. Dit sal o.m. sy taak wees om die Wagafdelings in die Gebied op te knap en om hulle uit te bou tot aktiewe voorligtingseenhede.**

**Genl. Willie Marsh is aangestel as Hoofgeneraal oor die generaalskappe van Paarl, Stellenbosch, Caledon en Swellendam. Hy sal bygestaan word deur genl. Rocco Joubert, wat aangestel is as sy adjudant.**

Hoofkomdte. S. S. Voigt bly die skakelvrou van die hoofgeneraalskap. Die nuwe hoofgeneraal en sy adjudant is bekende offisiere, — trouens hoofgenl. Marsh was die eerste ingeskrewe O.B.-lid in die Westelike Provinsie — wat jarelank die Beweging in die Paarl gedien het, die een as generaal en die ander as die vroeëre kommandant van Drakenstein. Hul werksaamhede is nou tot 'n wyer kring uitgebrei.

Hoofkomdt. Canzius Pretorius is bevorder tot generaal. Die generale staf bly onveranderd en hy sal gevolglik bygestaan word deur hoofkomdt. André du



Hfgenl. Willie Marsh.

Toit; die drie adjudante van die kwartier, nl. hoofkomdte. Piet Nel en Jan v. d. Merwe en komdte. E. M. (Bettie) Roux; die kwartiermeester hoofkomdt. Pierre de Villiers; die wagoffisier hoofkomdt. J. Wahl en die jeugoffisiere komdte. Rita Hofmeyr en komdt. Jan Fritz.

Genl. Pretorius wat in bevel geplaas is van 'n belangrike generaalskap in die Gebied is 'n gewilde offisier, wat reeds sy spore in die beweging verdien het.

Die betrokke offisiere het elkeen op gepaste wyse geantwoord en hul nuwe poste voor die aanwesige offisiere aanvaar.

### VERKIESING

Nadat hierdie deel van die verrigtinge afgehandel is, het genl. Laubscher die offisiere toegespreek en uiteengesit wat vir die Afrikanervolk en die Ossewabrandwag op die spel is in die komende provinsiale verkiesings. Daarna is volledige inligting verstrek oor die gebeurtenisse wat aanleiding gegee het tot die onttrekking van die Afrikanerparty aan die verkiesings sowel as oor die reperkussies wat dit in die Paarlse



Waggenl. Max Smuts.

kiesafdeling gehad het — waar die H.N.P. geweier het om die Afrikanerparty-kandidaat, mnr. Max Smuts, te ondersteun omdat hy lid is van die Ossewabrandwag.

Die offisiere verkeer diep onder die indruk van die volgehoue en bittere vyandskap wat die H.N.P. teenoor die Beweging handhaaf — en dit ten spyte van die feit dat die O.B. in alle goeie trou sy bereidwilligheid om saam te werk ondubbelsinnig verklaar het.

Hoofgenl. Willie Marsh het verklaar dat die offisiere tans oor al die inligting beskik en dat hulle derhalwe op 19 Februarie op Wellington, by geleentheid van die Gebiedslaertrek 'n klinkende besluit kan neem.

### SENTRALE FEES

Genl. Pretorius het eindelik nog met die Paarlse offisiere die reëlings bespreek vir die sentrale Vryheidsfees wat op 5 Maart op die tentoonstellingsterrein in die Paarl gehou word — by watter geleentheid hoofgenl. John Vorster van die Witwatersrand as spreker sal optree.

# IMMIGRANTE NA BRITTANJE

**Nog nooit in die geskiedenis van Brittanje was daar so 'n groot immigrasie vanuit Europa na die klein eiland en 'n immigrasie van Britte na die dominiums as wat vir die afgelope paar jaar die geval is nie. Vreemdelinge ontvang teen 'n tempo van meer as duisend per maand Britse burgerskap soveel as wat voor die oorlog in een jaar burgerskap ontvang het.**

Gedurende die eerste maand van verlede jaar het 1,700 vreemdelinge Britse burgers geword. Van hulle 602 „Duitse" burgers, 337, Oostenrykers en 88 Italianers. Die res bestaan uit groepies Hongare, Roemeniërs, Blugare en een Japanees.

Voor die Tweede Wêreldoorlog was daar ongeveer 120,000 vreemdelinge in Brittanje. In Januarie 1948 was daar byna een miljoen waarvan ongeveer 200,000 vlugtelinge wat reeds aan die begin van die oorlog na Brittanje verhuis het.

**Dwarsdeur verlede jaar was daar 'n gestadige stroom aansoeke om Britse burgerskap sodat die gemiddelde getal 1,600 per maand beloop het. In een**

## Britte Weer Na Dominiums

**maand ontvang daar tans ongeveer net soveel vreemdelinge burgerskap as wat daar voor die oorlog in een jaar ontvang het.**

### GEE PAD

Die ander kant van die prentjie toon dat duisende persone probeer om Brittanje te verlaat. Gedurende 1946 het 80,000 Britte hul vaderland verlaat en elders in die dominiums hul tuiste gaan maak. Gedurende die eerste ses maande van 1947, het volgens amptelike beskikbare gegewens, 57,702 persone Brittanje verlaat sodat die totale syfer vir die hele jaar aansienlik hoër moet wees as die jaar wat dit voorafgegaan het.

**Die mengelmoes van immigrante laat dink aan New York wat op een tydstip in die geskiedenis beskou is as die mees kosmopolitaanse stad ter wêreld. Eienaars van eetplekke in Londen doen nou by die ower-**

(vervolg in volgende kolom)

(vervolg van vorige kolom)

**heid aansoek dat hulle rantsoene so gewysig moet word dat hulle voedsel na die smaak van die vreemdelinge kan voorsit. Sommige plekke in Londen is dan ook al bekend as „Klein Berlyn" en „Klein Praag."**

# 20,000 AANWESIG BY IN BESIT NEEM VAN AMAJUBA

## FEES AGT JAAR GELEDE

**Agt jaar gelede, op 1 Januarie 1941, het die Ossewabrandwag, namens die Afrikanerdom, besit geneem van Amajuba. Dit was die hoogtepunt van 'n twee dae lange Ossewabrandwag-feestelikheid en 20,000 Afrikaners was aanwesig toe prof. J. C. van Rooy van Potchefstroom die kaart en transport aan adv. J. D. Jerling, destyds assistent-kommandant-generaal van die O.B., oorhandig het.**

By die oorhandiging van die eiendom het prof. Van Rooy verklaar: Hiermee oorhandig ek aan u as verteenwoordiger van die Ossewabrandwag die kaart en transport van die plaas Noord-Amajuba. **Hiermee neem u namens die magtige organisasie die berg in besit waar u stoere voorvaders sestig jaar gelede 'n wonderdaad verrig het. Bewaar hierdie gewyde grond namens die Afrikanerdom as 'n simbool van Afrikanerdurf, van Afrikanerdapperheid — en van Afrikaneroorwinning.**

Die dagbladpers het die dag na die fees onder meer as volg gerapporteer: „Met die hysing van die Vierkleur oor die Majuba-monument het 'n stilte oor die duisende mans, vrouens en kinders wat op die kruin vergader het, gedaal en nadat die saluut geneem is, is die volkslied met spontane geesdrif aangehef.

**„Die toneel wat daar bo op die kruin van Majuba afgespeel is, het ongetwyfeld 'n onvergeetlike indruk op die gemoedere van die aanwesiges gemaak. Soos 'n vorstin van ouds, was die berg deur 'n sagte misluier omhul, sodat diegene wat bo-op was feitlik niks van die kamp aan die voet kon sien nie.**

20,000

„Aan twee kante van die monument het twee lang rye van 300 vroue in volksdrag as erewag opgestel gestaan. **In 'n halfsirkel het manskappe van die Ossewabrandwag die toegang tot die monument bewaak. Regoor die monument, waar die kruin weer in 'n heuweltjie verrys, het die menigte vergader.** Tussen die twee rye vroue en regoor die aanwesiges het die perde en die ruiters van die O.B.-kommando op aandag gestaan. **Dit was 'n toneel van eenvoud, ordelikheid maar tog diep indrukwekkend. Die algemene mening was dat daar minstens 5,000 mense bo-op die berg was — 'n reuse mensemassa om bo-op 'n hoë bergkruin te vergader.**

**„Gister toe die duisende van die kruin van die berg terug was, is daar uit gesaghebbende Ossewabrandwagbron verneem dat daar, volgens beskikbare gegewens, goed oor die 20,000 mense op die feesterrein was."**

### VERDEELDHEID BESPOTTING


In sy toespraak het die prof. Van Rooy onder meer verklaar: „Vandag kan ons ten volle besef wat die waarde en betekenis van doelbewuste optrede beteken. Met die hulp van God kan ons ons ideaal bereik maar dan moet ons geledere gesluit wees." Spr. het herinner aan die belofte van 9 September 1939, toe Totius die gelofte aan die groot skaar voorgelees het. **„Totius wou nie daardie belofte opstel of lees nie. Nadat die versoek aan my gerig is om hom te gaan vra, het ek bevind dat ek met hom moes worstel om hom so ver te kry om dit te doen. Hy het herhaaldelik die vrees uitgespreek dat dit 'n bespotting voor God sou wees, daar die mense nadat hulle die gelofte gedoen het, nog verdeeld sou wees."**

### O.B. SE TAAK

Spr. het verklaar dat Totius reg was maar uit die God gegewe simboliese Ossewatrek het die Ossewabrandwag ontstaan, wie se taak dit is om daardie verdeeldheid onder ons volk eens en vir altyd te beëindig. **„God bewaar die Ossewabrandwag daarteen dat daar verdeeldheid in sy geledere gesaai word. Daarom doen ek 'n beroep op die Ossewabrandwag om ander Amajubas vir die volk te verower."**

**Na agt jaar sal die Ossewabrandwag op 26 Februarie weer op die kruin van Amajuba gevind word om sy vryheidsvuur te laat vlam.**

## DIE LIGGING




# DRESDEN 16 FEB. 1945

Een van die donkerste blaaie uit die geskiedenisboek van Wêreldoorlog II is ongetwyfeld die vernietiging van die Duitse stad, Dresden, op 13 tot 16 Februarie vier jare gelede deur lugaanvalle waarin nie minder nie as 55,000 ongevalle voorgekom het.

Volgens genl. J. F. C. Fuller—„The Second World War" (bl. 317)—het 800 R.A.F.-bomwerpers in die nag van 13 Februarie 1945 in twee lugaanvalle, 650,000 brandbomme gemeng met 8,000 en 4,000 brisantbomme, op die middestad laat reën. Op die volgende dag het die grootste gedeelte van 1,350 Amerikaanse bomwerpers bygestaan deur 900 vegvliegtuie, die aanval voortgesit wat op die 15de deur 1,100 Amerikaanse bomwerpers verder gevoer is. **Op hierdie tydstip was die stad stampvol met tienduisende vlugtelinge wat moes padgee vir die aanstormende Russiese leërs.** Die slagting onder die inwoners was gevolglik ontsettend: **25,000 mense is gedood en 30,000 beseer; ses vierkante myle van die middestad is in puin gelê en 27,000 huise en 7,000 publieke geboue geheel en al verwoes,**

Genl. Fuller stel vervolgens die vraag: Wat die finale uitslag van hierdie mongoolse vernietigingswerk dan was. Terwyl op twee fronte gevorder is om die oorlog te wen, is die derde front hard besig om die bodem uit die vrede te blaas wat op eersgenoemde oorwinnings sou moes volg, want **„stede en nie puinhope nie is die fondamente van die beskawing,"** aldus genl. Fuller.

# Kravchenko Verdwyn

**Victor Kravchenko, voormalige Sowjet-amptenaar in die Kremlin en skrywer van „I Chose Freedom," wat die afgelope maand besig was met 'n lastergeding teen 'n Kommunistiese koerant in Parys, het die afgelope naweek spoorloos verdwyn. Sy verdwyning word in verband gebring met die aankoms van twee Russiese amptenare in Parys. Hy het verdwyn twaalf uur nadat hulle per vliegtuig opgedaag het.**

Kravchenko was tuis in 'n Franse hotel en sy verdwyning word as besonder „geheimsinnig" beskryf. Min mense in die hotel het geweet wie hy werklik was en slegs 'n paar vertrouelinge het geweet dat hy die onthuller van die Kommunistiese bedrog was.

**Die twee Russiese amptenare het spesiaal vanuit Rusland na Parys gevlieg om deel te neem aan die Russiese verdediging in die hof. Hulle is genl. Rudenko, adjunk-Russiese vervolger in die „hof" van Neurenberg, en majoor Federov. Eersgenoemde was voorheen die hoof van Kravchenko,**

Onlangs het Kravchenko aan 'n Franse koerant verklaar dat hy bewus is van die risiko wat hy op hom neem en dat hy meen die haat van sy vyande teen hom sal toeneem met die vertaling van sy opspraakwekkende boek in Russies.

# STADSBESTUUR OOK 'N VOLKSAAK

**Die beleidspunt van die Ossewabrandwag wat bepleit dat die sentrale regering regstreekse verteenwoordiging in die stadsrade van ons groter stede moet kry, is vandag na aanleiding van die gebeure sedert die regering bewind aanvaar het, meer aktueel as ooit. Die O.B. beskik ook oor inligting dat hierdie soort verteenwoordiging tans druk deur nasionale L.V.'s wat stedelike gebiede verteenwoordig, bespreek word.**

Die vyandige houding van die Kaapstadse stadsraad wat geen simpatie het met die apartheidsbeleid van die regerende party nie, word as die jongste voorbeeld aangehaal van die onhoudbaarheid van die toestand dat terwyl die regering een beleid voorstaan die plaaslike owerhede presies die teenoorgestelde doen.

Die mening is dat die regering 'n permanente verteenwoordiger in die stadsrade moet aanstel wat dieselfde status as 'n burgemeester beklee.

In die verlede het die teenstrydigheid in beleid hom ook op ekonomiese gebied laat geld. Die Johannesburgse stadsraad het gedurende die Hertzogbewind selfs die regering se buitelandse beleid in die wiele gery deur te weier om goedere in Duitsland te koop — wat nodig was vir 'n ruilhandel.

**Daarom sê die Ossewabrandwag „dat hy 'n eenheidstaat nastreef, waarin daar wel stadsbesture sal wees — net soos elke besigheid sy eie bestuur moet hê — maar waarin daardie besture ondergeskik aan en ingeskakel gaan wees by die sentrale landsbestuur. Want volksbeleid gaan voor stadsbeleid en ook voor provinsiale beleid en die hele volk moet die dinge verantwoord en nie net 'n paar vreemdelinge in die stadsraad wat môre of oormôre al in die vergetelheid raak nie."**

# Skoolstryd Gewen In Natal

Die Afrikaners in Natal het die afgelope week 'n nuwe mylpaal bereik deurdat die Natalse Uitvoerende Komitee ingestem het dat die C.N.O.-skool te Pietermaritzburg nou die skoolgebou van die Hoërskool Voortrekker kan betrek. Dit sal nou vir die Afrikaanse kinders in Pietermaritzburg en omstreke moontlik wees om dwarsdeur hul skoolloopbaan onderrig in Afrikaansmedium te ontvang.

Die moedertaalstryd het in 1943 ontbrand. Verlede jaar het die C.N.O.-skool vir die eerste keer 'n departementele skool geword.



„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar.




Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook".*

Kopiereg RA 19

DIE O.B., WOENSDAG, 16 FEBRUARIE 1949

# TYD VIR OPTREDE

Volgens 'n berig elders in ons blad wil dit voorkom of die regering geen voorneme het om spesiale wetgewing teen die Kommunistiese Party in die nabye toekoms in te dien nie. Die troonrede het dan trouens ook net gepraat van „maatreëls wat oorweeg word" teen kommunisme. Oor die wenslikheid van 'n verbod op die Kommunistiese Party kan daar heelwat geredeneer word, maar met al die getuienis tot beskikking van die wêreld meen ons dat daar net een weg oop is om die Kommunisme te beveg en dit is totale oorlog — **wat veral ook meebring die opruiming van die ekonomiese en sosiale mishoop waarop hierdie plaag vermenigvuldig, en in ons land meer spesifiek ook die groeiende vyandskap tussen blank en nie-blank.**

Volgens ons inligting oorweeg die regering wel allerlei maatreëls duskant 'n verbod. Daardie maatreëls is goed **en daarmee kon seker al lank 'n begin gemaak gewees het,** maar dit sluit nie die noodsaaklikheid van 'n verbod uit nie. Die argument dat soiets die Kommuniste net ondergronds sou dryf, gaan nie op nie, **want hulle is binne hul selle in elk geval ondergronds sover dit hul skadelikste werk betref. Maar die feit dat hulle nog kan pronk as 'n politieke party wat selfs 'n verteenwoordiger in die parlement het, verleen aan hulle 'n aansien wat opsigself meer propagandawaarde het as baie pamflette.** Al sou die paadjies rondom hierdie party ongelyk gemaak word, hy bly sit soos 'n roosknop in die tuin wat sy bewonderaars lok.

### IN PARLEMENT

**Verder, hoe kan die regering parlementêre verteenwoordiging aan die kommuniste ontsê sonder 'n verbod op hul party? Die grootste propaganda-verhoog in die land is nie die Kaapse parade nie, dog die parlement. Sal Hansard en die pers die toesprake van Sam Kahn boikot? Dit is buite die kwessie.**

Die Kommunistiese Party in elke land is 'n vyfde kolonne van Moskou en hy verdien om as sodanig behandel te word. **Maar stappe teen hierdie party alleen is ook nog nie voldoende nie. Daar is nog 'n ander gevaarliker vyfde kolonne, soos treffend in Kanada geïllustreer is — die diplomatieke korps van Moskou in elke hoof- of handelstad.** Hierdie mense het diplomatieke privileges wat hulle veel groter beweegruimte gee as die politieke party. Geen maatreël sal dus doeltreffend kan heet voordat aan hierdie front nie ook geslaan is nie. **Ook in Suid-Afrika sit 'n lywige konsulaat buite alle verhouding tot die handelsverkeer tussen die twee lande. Dit is tyd dat die regering die voorbeeld van sekere Suid-Amerikaanse state volg en hierdie arm van Stalin afkap.**

**Maar wat ook al die regering se voorgenome maatreëls teen die kommunisme mag wees, reken ons dat dit hoog tyd is dat dit in werking gebring word. Dit is al byna 'n jaar ná die verkiesing wat grootliks oor kommunisme gegaan het, en as hierdie tweede sitting van die parlement ook nog verby moet gaan sonder dat ingrypende stappe teen die kommunisme gedoen is, sal dit die regering heelwat kos aan vertroue — veral diegene wat nie juis „nasionaal" is nie, maar terwille van „blank Suid-Afrika" verlede keer nasionaal gestem het.**

# Die Vryheidsvuur

In die lang helde- en heldinnery van die Afrikanervolk staan die Vryheidshelde trots uit — manne en vroue wat in die historiese en nasionale proses van ontworsteling aan die gesag van 'n vreemde Empire 'n skitterende rol gespeel het. Sommige van hulle het die hoogste prys vir Vryheid betaal en daarmee die offer-voorbeeld aan die nageslagte gestel. Ander het die voorreg gehad om te lewe sodat hulle stewige fondamente kon lê waarop die nageslagte voort kan bou.

Hulle het gesamentlik 'n vryheidstradisie geskep wat die kosbaarste kleinood van die Afrikanervolk is.

Hierdie tradisie het die Ossewabrandwag verryk met die „rebellie sonder gewere" wat die manne en die vroue van die Beweging gedurende die afgelope oorlogsjare onafgebroke volgehou het teen die magte van die Empire in Suid-Afrika.

Die versorging van die slagoffers van hierdie „rebellie" deur middel van die Noodhulpfonds is een van die glansrykste prestasies van die Ossewabrandwag.

Uit hoofde van sy offervaardige vernuwing van die vryheidstryd van die Afrikanervolk is die Ossewabrandwag aangewese op die voorreg om toekomstige geslagte op te roep om die stryd wat die voorgeslagte begin het, enduit te stry.

Aan hierdie oproep het die Ossewabrandwag kontinuiteit gegee deur dit vas te lê in 'n jaarlikse nasionale feesdag. Elke jaar op 27 Februarie sal die Ossewabrandwag elke Afrikaner oproep om opnuut of vir die eerste keer die Vryheidsgelofte af te lê; en om 'n stukkie hout op 'n simboliese vryheidsvuur te werp wat 'n individuele en 'n gesamentlike onderneming is om nooit die vryheidsvuur in

*(vervolg in volgende kolom)*

*(vervolg van vorige kolom)*

die hart van die Afrikanervolk te blus nie.

Rondom die Vryheidsvure vloei die geslagte van die Afrikanervolk ineen; dáár dra die vryheidstryders van die verlede die voortsetting van die stryd op aan die jong stryders van die hede, en dáár word verseker dat die vryheidstryd deur die geslagte heen volgehou sal word totdat dit volstry is!

Solank die Ossewabrandwag bestaan sal die Vryheidsvure aangesteek word; en die Vryheidsvure sal aangesteek word solank die Afrikanervolk bestaan.

# Doeltreffendheid En Eenvoud, Nie Weelde Sê O.B.

**Meegaande artikel is die tweede van 'n reeks waarin die gesinsbeleid van die Ossewabrandwag uiteengesit word. Ons wil Brandwagte aanraai om hierdie duidelik uiteengesette en eenvoudig opgestelde artikelreeks te bestudeer en te bewaar.**

**Dit is onjuis om te beweer dat die groot gesin een van die oorsake van die verarming is en dat die arm mense minder kinders moet hê omdat hulle dit nie kan bekostig om soveel kinders te hê nie. Die saak moet eerder omgedraai word sodat gesê kan word dat juis veral vir die groot gesin bestaansmoontlikhede verseker moet word omdat dit in die reël juis die groot gesin is wat vir die volk die grootste bate kan wees.**

Wat in elk geval sterk beklemtoon moet word, is dat die Afrikaanse gesinslewe die grootste slagoffer van die Afrikaanse volksverarming is. Dit is nie in die eerste plaas Afrikaners wat lamgeslaan is nie, — dit is duisende en duisende Afrikaanse gesinne wat dadelik getref is. Die uitwerking van die verarming kom hier op 'n dwarsboming of lamlegging van die funksievervulling deur die gesin.

Hieruit blyk dan verder hoe noodwendig dit is dat dit in die gesinsbeleid voorop gestel moet word dat die selfstandigheid van die gesin bevorder moet word.

### SELFSTANDIGHEID VAN DIE GESIN

Sonder om enigsins te oordrywe kan gesê word dat die selfstandige gesin die kern van die selfstandige volk is. 'n Afhanklikheidsgevoel in die gesinslewe voer tot 'n afhanklikheidsgevoel in die volkslewe. **In hierdie verband moet die strewe na gesinselfstandigheid in skerpe teenstelling met die vernederende aalmoesbeleid staan.** Aalmoese word uitgedeel nie alleen as kos en klere en huisvesting verniet gegee word nie. Die aalmoesebeleid spreek ook uit die subekonomiese behuising, die melk- en botterskema en talryke ander „maatreëls" wat die ontsettende probleem nie in sy oorsake tref nie en die verarmingsproses nooit sal kan stuit nie. **Ons moet erken dat ons maatskaplike werk soos dit vandag gedoen moet word, vir die oorgrote gedeelte blote lapwerk is en onder die huidige stelsel en opvattinge nooit anders sal kan wees nie. Ons het nog nooit 'n maatskaplike volks- en staatsbeleid gehad wat ons maatskaplike vraagstukke in hulle veroorsaking tref nie. Vandaar die lapwerk ten spyte van ons aller moedigste stryd in die maatskaplike werk.**

Buitendien moet dit beklemtoon word dat die selfstandigheid van die gesin die eerste voorwaarde is vir die ontwikkeling van die trots, selfrespek, eer en selfvertroue van die gesin. 'n Gevoel van minderwaardigheid in die gesinslewe voer tot 'n gevoel van minderwaardigheid in die volkslewe. Trots en selfrespek in die gesinslewe bring egter trots en selfrespek in die volkslewe.

### WELSTAND VAN GESIN

Die bevordering van die selfstandigheid van die gesin draai allereers om die vraag van die welstandspeil van die gesin. Per slot van sake het die gesin te make met mense wat allereers materiële behoeftes het waarin voorsien moet word. Vandaar die belangrikheid van die welstandspeil. Ons weet buitendien ook hoedat onder die uiterste armoede sedelike en godsdienstige verval nie kan uitbly nie.

Met welstandspeil word beslis nie rykdom en oorvloed bedoel nie maar wel daardie menswaardige welstandspeil wat as die vernaamste voorwaarde vir die funksievervulling van die gesin bestempel moet word. By die bevordering van die gesinsherwording moet hier begin word, nl. by die skepping van 'n menswaardige gesinswelstandspeil. Hierdie saak is belangrik want die gesinsherwording is die grondslag van die volksherskepping.

### MENSWAARDIG

**Met menswaardige gesinswelstand word bedoel sodanige ekonomiese krag dat die gesin in staat sal wees om sy funksies na behore te vervul en om met name die kulturele en sedelike waardes en die godsdiens van die volk in tere te hou.** Sonder om in 'n siellose materialisme te verval moet dit hier tog op die voorgrond gestel word dat dit allereers gaan om die vraag van voldoende gesinsinkomste. Dit bring ons veral op die gebied van die arbeidsbeloning.

Dit sal egter die moeite loon om op 'n ander sy van die saak te let. Ons is al so gewoond aan die uiterste lae naas die uiterste hoë inkomste dat die gevaar bestaan dat ons dit as iets noodwendigs sal beskou soos die liberalisme ons graag sal wil laat glo. Dit is egter moontlik om te bepaal watter inkomstepeil noodsaaklik is vir die bewerkstelling van die menswaardige gesinswelstand en net so is dit ook moontlik om te bepaal wat beslis die hoogste inkomstepeil behoort te wees met die oog op daardie menswaardige gesinswelstand. **Na aanleiding hiervan kan doelbewus daarna gestrewe word om die uiterste lae inkomstepeil en die uiterste hoë inkomstepeil nader aan die menswaardige gemiddelde te bring.** Met die oog hierop kan in meer as een rigting opgetree word:

Lone en salarisse kan doelbewus met die oog op bostaande hersien word en oor winste kan 'n strenge beheer uitgeoefen word. Die belastingstelsel moet met 'n redelike inkomstepeil rekening hou en gesinsverantwoordelikhede in aanmerking neem. Daarby moet gesinsvorming stelselmatig aangemoedig word soos later aangedui sal word.

### DOELTREFFEND

Iets waaraan ook aandag geskenk kan word, is die aanmoediging van eenvoud en doeltreffendheid in die gesinslewe. **Veral moet die uiterste luukse uitgeskakel word omdat dit meer kwaad as goed doen en 'n slegte voorbeeld skep. So is die deftigste motors, die swierigste pelsjasse en die weelderigste aandrokke tog ongetwyfeld dinge waardeur ontsettend veel verkwisting veroorsaak word, afgesien van ander sye van die saak. By die bevordering van die menswaardige gesinswelstand word beslis geen luukse beoog nie maar wel eenvoud en doeltreffendheid.**

Ten slotte moet in hierdie verband sterk nadruk gelê word op die sorg vir die besteding van die inkomste van die gesin. Dit is hier waar die positiewe maatskaplike sorg in die sin van egte volksorg 'n groot taak het. Ons maatskaplike werk word te veel van sy werklike taak weggedring. Terloops moet daarop gewys word dat sake soos arbeidsvoorsiening en werkverskaffing, volkshuisves-

(vervolg op bladsy 7, kolom 1)


## OSSEWABRANDWAG

GEBIED A — WES-KAAPLAND

**DIE GEBIEDSRAAD VERGADER en DIE GEBIEDSLAERTREK WORD GEHOU IN DIE STADSAAL *OP* WELLINGTON**

**op SATERDAG, 19 FEBRUARIE, vanaf 9 vm.**

**Alle offisiere tot en met die rang van veldkornet moet teenwoordig wees. Onder-offisiere en Brandwagte kan met verlof van hul offisier die laertrek bywoon.**

●

**'N OPENBARE VERGADERING word gehou om 8 nm. in die STADSAAL**

SPREKER:

**Die Komdt.-Genl., DR. J. F. J. VAN RENSBURG**

**★ ALLE AFRIKANERS WORD HARTLIK UITGENOOI ★**

# „MEER OP DIE SPEL AS SETELS"

**Mnr. L. v. d. Berg, Greystraat 44, Aliwal-Noord, skryf:**

As 'n gewone lid van die O.B. wat geen rang of gesag in die organisasie beklee nie, wil ek sterk protes aanteken teen die besluit van die Grootraad dat die O.B.'s by die provinsiale eleksie buite stemming moet bly. Of die besluit wel 'n bevel is of sedelike druk maak nie juis saak nie.

Myns insiens beskou ek die besluit as teenstrydig met beide die letter en die gees van ons konstitusie. Ons het oor en oor beklemtoon dat ons nie Parlement-setels soek of begeer nie, en nou! Nou stel ons die eenheid van die Afrikanerdom in gevaar juis oor setels! Dog dit is nie al nie. Daar is meer op die spel as setels — die solidariteit van die Verenigde Afrikanerdom.

Ek erken openlik dat ek die houding van dr. Malan teenoor die A.P. en sy bondgenoot die O.B. ten opsigte van die uitdeling van setels ten sterkste afkeur. Dit was hooghartig en beledigend.

Verder keur ek die besluit van die Grootraad om dr. Malan se aanval op die verskanste artikel oor die naturelle stemreg te bestry, af. Ek stem nie saam met die A.P. se hoofbestuur wat dieselfde houding inneem nie, dog, daar ek geen lid van die A.P. is nie onthou ek my van kritiek.

Ons almal het dr. Malan in die posisie van leier van die Afrikanerdom geplaas uit hoofde van sy amp as Eerste Minister. Daar mag, en waarskynlik met reg, verskil wees om sy beleid by die provinsiale eleksies te toets, maar as leier moet hy tog die beleid aangee.

Gewoonweg word van alle ondersteuners verwag dat daar 'n sedelike verpligting op hul rus om die beleid van hul regering te ondersteun. Daar mag somtyds wel gewetensbesware bestaan wat hierteen opweeg maar hier is daar nie soiets nie.

Die beleid van die Britse Parlement wat aanleiding tot die 2de Vryheidsoorlog gegee het was afgekeur deur baie van sy ondersteuners, maar toe die teerling gewerp was het almal dit as volkseer beskou om dit te ondersteun. In Suid-Afrika het ons die voorbeeld van genl. Botha, wat die Kruger-oorlogsbeleid afgekeur het dog toe die oorlog uitbreek het hy pal by sy regering gestaan.

As dr. Malan by die e.k. verkiesing die neerlaag ly sal hy verplig wees om te bedank en 'n nuwe verkiesing sal moet uitgeskryf word. Ons sal dan die bittere ironie voel dat genl. Smuts ons nie kan verslaan nie, maar dat ons politieke selfmoord gepleeg het, en die welverdiende verwyt „Et tu Brute" aan ons hoofde geslinger word.

Ons was gelukkig op die 26ste Mei, wie kan sê dat die geluk ons weer sal begunstig? Om moedswilliglik weer op 'n eleksie af te stuur met 'n uiteengeskeurde Afrikanerdom is genoeg om die gode te tempteer.

Laat ons heelhartig ons stemme uitbring. Ons stem nie vir dr. Malan nie maar vir Suid-Afrika.

(Soos u tereg opmerk is daar met die provinsiale verkiesings „meer op die spel as setels — die solidariteit van die verenigde Afrikanerdom". Juis omdat die A.P. en O.B. besef dat dr. Malan van hierdie verkiesing 'n toets wil maak of sy party sterk genoeg is om sonder die A.P. klaar te kom, dit wil sê sonder die „solidariteit van die verenigde Afrikanerdom", het hulle besluit dat dit in belang van volks eenheid is om geen deel te neem aan die verkiesing en sodoende 'n mandaat aan dr. Malan te gee om weer te skeur nie. Indien ons dit wel sou doen, en dr. Malan die indruk kry dat hy sterk genoeg is om alleen te regeer, sal hy die samewerking met mnr. Havenga oorboord gooi en daardie nuwe verkiesing uitskryf waarvoor u so bang is. 'n Swak vertoning in die provinsiale verkiesing daarentoen mag dr. Malan tot die besef bring dat hy met sy mede-Afrikaners moet saamwerk. Dit sal die behoud wees vir die „solidariteit van die verenigde Afrikanerdom."

Verder: om verkiesings met oorloë te vergelyk, gaan nie op nie — vergelyk dit liewer ook met verkiesings, soos dié in Transvaal in 1898 toe genl. Botha teen pres. Kruger gestem het omdat hy gereken het dat dit in belang van sy volk was, sonder dat hy homself daardeur die beskuldiging op die hals gehaal het van die man te wees „wat sy nasie vermoor".—Red.)

# SAM KAHN SE INSWERING

**Mev. A. Viljoen, Bloemhof, Richmond, Skryf:**

In Die O.B. van 26 Januarie onder die menings van ons lesers is daar een brief uit Kaapstad wat beweer dat dr. Malan en genl. Smuts ooreengekom het dat in geval mnr. Sam Kahn nie twee voorstellers kon kry nie, dr. Malan sou voorstel dat die reglement van orde opgeskort word sodat die Kommunis ingesweer kan word. Is dit die waarheid? In watter koerant was dit gepubliseer?

(Ons weet nie in watter koerante die berig almal verskyn het nie. Die Cape Argus van 19 Januarie het so 'n berig op sy voorblad gehad waarin hy beweer het dat die twee vernaamste partye so 'n ooreenkoms aangegaan het. Die Burger van 22 Januarie („Dawie") het uit hierdie berig aangehaal sonder om die waarheid daarvan te ontken. Daar kan dus aangeneem word dat dit waar is.—Red.)

## Sal Genoeg Sement Produseer

Teen die einde van die jaar sal Suid-Afrika genoeg sement vervaardig om onafhanklik te wees van buitelandse besendings. Die Unie produseer tans 1,431,000 ton sement per jaar en voer dan nog 312 ton in om in die dringendste behoeftes te voorsien.

Drie sementfabrieke is tans in aanbou, naamlik te Lichtenburg, Klerksdorp en Barkley-Wes. Saam sal hulle sowat 620,000 ton per jaar produseer sodat Suid-Afrika waarskynlik genoeg sement sal hê vir sy eie gebruik. Na verwagting sal hulle na Julie begin produseer.

## *Volksgroei in Suid-Rhodesië*

Die blanke bevolking van Suid-Rhodesië het in die tien jaar 1936-46 met 27,000 toegeneem tot 82,385. In 1946 is 31,098 kinders gebore teenoor slegs 18,904 in 1936.

Omtrent 44 persent van die blanke bevolking is Afrikaanssprekend, terwyl die hoogste geboortesyfer onder Afrikaanssprekendes voorkom.

*Soos Ons Lesers Dit Sien*

# Kan Vir H.N.P. Nie Stem

**Mnr. W. S. Burger, Bysteek, or Brandvlei, skryf:**

Ons het almal tydens en na 26 Mei tog so 'n goeie verwagting gehad vir die innig begeerde samewerking onder die nasionale Afrikanerdom. En nou op die vooraand van die provinsiale verkiesing, verkeer ons weer in die wildernis.

Dr. Malan wil nie saam met die O.B. werk nie en mnr. Havenga, wat sy kollega sou wees, is in so 'n onuithoubare posisie gedryf dat dit my laat dink aan iemand wat in 'n driehoek-geveg betrokke is en wat vir homself niks kan doen nie.

As mnr. Havenga en sy mense iets wil doen, moet hulle eers by die ander party inval, maar in die oorwinning of neerlaag sal hy geen deel hê nie.

Wat moet 'n O.B.-lid of A.P.-lid nou doen? Vir die V.P. kan 'n mens nie stem nie want hulle is imperialiste. Vir die H.N.P. kan mens ook nie stem sonder om jou gewete geweld aan te doen nie en daarby is hulle ook diktatoriaal. Ons het dus geen ander keuse as om niks te doen nie want dr. Malan wil ons hulp nie hê nie.

## *FONDSDAG*

Onderstaande bedrae is van hoofkomdt. J. A. Gutter vir Fondsdag deur die Sentrale Hoofkwartier ontvang:

J. A. Gutter, £10; A. M. Meyer, £5; A. C. van Dyk, £10; B. J. Strauss, 10/- (Noodhulp); O.B.-kas, Winburg, £10.

P. W. Buys, Stafhoof.

# OUDSTUDENTE VAN TOTIUS OPGEROEP

Waar prof. dr. J. D. du Toit nou uit sy amp as hoogleraar uittree, het tydens die sitting van die Sinode van die Gereformeerde Kerk oudstudente hulle georganiseer om hom 'n blyk van erkentlikheid aan te bied.

Onder oudstudente verstaan ons nie net teologiese oudstudente nie, maar ALLE oudstudente aan die Teologiese Skool en aan die P.U.K. vir C.H.O. wat met die oog op eksamendoeleindes klasse van prof. dr. J. D. du Toit gevolg het.

Sy oudstudente sal ter gelegener tyd aan prof. Du Toit 'n versameling van artikels in boekvorm aanbied. In hierdie boek word ook handtekenings van sy oudstudente afgedruk. Sal alle oudstudente asseblief eersdaags hul handetekenings in swart (Indiese) ink op onbelynde, wit (liefs gladde) papier aan ds. J. V. Coetzee, Kerkstraat, Potchefstroom, stuur? Ook kan hulle by ds. J. V. Coetzee bestellings vir die boek plaas.

Op 'n afskeidsfunksie wat in Potchefstroom gegee sal word, sal namens sy oudstudente aan prof. dr. J. D. du Toit en sy eggenote 'n geskenk aangebied word. Alle oudstudente word hiermee in die geleentheid gestel om vir hierdie geskenk tussen £1 en £2 te gee en aan ds. J. V. Coetzee te stuur. Die bydraes moet eersdaags, maar nie later as 12/3/1949 gestuur word nie.

As oudstudente weet ons wat prof. dr. J. D. du Toit vir kerk en volk, maar in besonder vir ons persoonlik beteken het. Dit is nie nodig om by u aan te dring om aan bostaande versoek te voldoen nie.

Namens die Oudstudente,

J. V. Coetzee, V.D.M.

(Prof. dr.) H. G. Stoker.

## *Om Immigrante Te Keur*

Volgens die regeringspers het die regering besluit om 'n „superintendent van Europese immigrasie" oorsee te stuur om toesig te hou oor die Unie se immigrasie-masjinerie in Brittanje en op die Vasteland van Europa. Die keuse het op mnr. A. B. Kriegler van die Departement van Binnelandse Sake geval.

Mnr. H. Welsh was aan die hoof van die immigrasie-kantoor in Londen maar beklee sedert die begin van die jaar nie meer die betrekking nie. Die nuwe superintendent sal die leiding neem in verband met die keur van immigrante.

Die Burger berig in hierdie verband: „Na verneem word beteken die aanstelling van 'n immigrasie - superintendent vir Europa geen ingrypende verandering van die regering se immigrasie-beleid nie."




DANS VIR PLESIER

*Maar vir persoonlike frisheid*

*en betowerende welriekendheid*

*is die antwoord*

KWV

*-reukwater*

EN

*-laventel*

RODUKTE VAN SUID-AFRIKA

*-nigste Suid-Afrikaanse Distribueerders*
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK
Posbus 2108, Kaapstad.
Posbus 4883, Johannesburg.

6-48


# Poolse Jeug Word In Kommunisme Onderlê

**Die lot wat miljoene kinderslawe in Rusland tref, word nou ook na Pole uitgebrei. Baie duisende Poolse kinders word nou opgeroep om verpligte arbeidsdiens te lewer. Tegelyk sal hulle in die Kommunisme onderlê word.**

Amptelik word in Pole geskat dat daar sowat 3,000,000 kinders is wat vir hierdie „vaderlandsdiens" in aanmerking sal kom. Die amptelike Kommunistiese blad in Pole het onlangs verklaar dat die Poolse jeug veels te passief is en iets gegee moet word om te doen. Amptelik staan hierdie verpligte diens bekend as „Diens vir Pole".

### LEERMEESTERS

Op die oomblik staan die Kommuniste nog voor die moeilikheid dat hulle nie genoeg betroubare Poolse jeugleiers het wat reeds onderlê is in die strategie van die Kommunisme nie. Alleen 'n beperkte aantal kinders word voorlopig opgeroep maar namate hierdie leermeesters hulle kursusse voltooi, sal die slawekorps aangroei.

**Die arbeidskampe maak voorsiening dat die kinders gedurende die somermaande in kampe woon en vir die res van die jaar sal hulle elke drie maande drie dae verpligte arbeidsdiens moet lewer. Hulle sal paaie en spoorweë bou.**

Die stelsel van kinder-arbeid is 'n uitgetoetste praktyk in Rusland. **In Pole sal hierdie praktyk toegepas word om die kinders van anti-Kommuniste ryp te druk vir die leer van Josef Stalin.** Onlangs is ook berig dat die Kommuniste Griekse kinders ontvoer na Albanië en elders waar hulle in die Kommunisme onderlê word.




**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande.** Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### BENODIG

Jong getroude Afrikaner soek saaiplaas te huur. Eie trekker en gereedskap. Skryf aan **P. Heyneman,** Ons Rus, Wolseley. 16/2/1B

### BOERMEEL

Boermeel op ons bekende steen-meule gemaal 23/4 plus bankkommissie per 100 pond sak k.m.b. **Mission Store, Elim, K.P.** 12/1/TK.

### BOME PLANTE EN SAAD

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

**UIESAAD:** Vars gesertifiseerde uiesaad. Australiese Bruin, 8/-; Copper King, 8/-; vroeë Kaapse Plat, 9/-; en Kaapse Strooi, 9/-; Chantenay Wortel, 7/6; Detroit en Egiptiese Plat Beet, 6/-. Bestel dadelik: **Kango Saadkwekers,** Posbus 107, Oudtshoorn.

**ANTIGRYS** herstel gryshare tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug — 5/6 per bottel posvry. Kontant met bestelling. Behandel alle siektes. — **Die Boerevrou,** Posbus 7559, Johannesburg. 27/10/Nr. (1)

### MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

### TE KOOP

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pondkissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

### TE KOOP

**PLAAS TE KOOP — 2,000 MORGE:** Op grens van Uniondale en Willowmore pragtige water plaas uitmuntend vir bome, lusern, saaiery, plantery; vir vee, beeste en perde teel; plaas is beplant met omtrent 2,000 verskillende soorte vrugtebome en duisende kan nog aangeplant word. Volop water—vaste lopende water, geen beurte. Groot populierbos en groot doornvlei op plaas.

Plaas is twee kante met proef en twee kante stock proef omhein.

1 groot woonhuis: 9 vertrekke.
1 groot woonhuis: 6 vertrekke.
1 groot waenhuis geskik vir 4 karre.

Vir verdere besonderhede tree in verbinding met **L. S., Poskantoor De Vlakte,** Oor Willowmore. 9/2/3

**Dagoud-Australorp-Kuikens:** Bespreek nou vir aflewering vanaf 1 Maart. Slegs stoethane word gebruik. R.U.P.-henne wat 284 A-eiers op eierlêwedstryde gelê het. B.W.D.-getoets. Lid van Telersregister. Prys £7/10/- per 100. Aansoeke: **SMIT,** Landbou-onderwyser, Vuurslag, Koppies, O.V.S. 16/2/1

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

### PLUIMVEE

**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**

**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MÔREMARK (Posbus 7185) Newtown**

### RADIOTRONICS

**(A. Perold en P. Brink)**
Vir herstel en koop van
**ELEKTRIESE APPARAAT**
(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
**Hoofstraat BELLVILLE**
**Foon 97-9114.**

### VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**
**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**

## Kleurfoto Van Ingewande

'n Kamera waarmee gehoop word 'n kleurfoto van die inwendige mens te neem, is so pas in die V.S.A. gedemonstreer. Dit is uitgevind deur dr. L. E. McCrea, professor aan die mediese skool in Philadelphia. Dit het 'n teleskoop-lens van dertien duim. Die kleurelement is van besondere belang omdat dit geneeshere in staat sal stel om siektes soos kanker in die blaas op te spoor. Die uitvinder werk reeds vanaf 1933 aan sy kamera maar het eers vanjaar daarin geslaag om die kleur 'n sukses te maak.

# ‚IMMIGRASIE ONDER OU EN NUWE REGERING IS DIESELFDE'

**Volgens die getuienis van Britte wat na Suid-Afrika wil immigreer en navraag gedoen het by Suid-Afrika-Huis in Londen, is daar geen verskil in die prosedure van die ou en die nuwe regering wat betref die toelating van Britte tot die Unie nie. Ook in Kaapstad het mnr. A. G. Long, voormalige voorsitter van 'n immigrante werkverskaffingsorganisasie verklaar dat die voorwaardes vir toelating nog dieselfde is as onder die vorige regering.**

Daar is tans nog een skip, die Arundel Castle wat immigrante uit Brittanje na Suid-Afrika aanry. Hierdie skip word nou hoofsaaklik gebruik om die families van immigrante wat in Suid-Afrika is, aan te bring.

In die Yorkshire Post skryf 'n voornemende immigrant onder meer: **Ek het Suid-Afrika-Huis en die immigrasiekantore in Londen slegs drie weke gelede besoek en vorms saamgeneem wat verlede jaar tydens die bewind van die Smuts-regering aan my gegee is. Ek het die amptenaar gevra om my te verduidelik hoe die prosedure en voorwaardes vir toelating gewysig is.**

### DIESELFDE

**Die Brit is daarop deur die kantoor meegedeel dat die nuwe regering geen wysigings aangebring het nie en dat die prosedure vir toelating nog dieselfde is. Daar is ook verklaar dat die beperking op die saamneem van geld nie deur die Unie-regering opgelê is nie,** maar deur die Britse regering.

Mnr. I. Krige, sekretaris van die 1820 Setlaars-Vereniging in Kaapstad het in 'n persgesprek verklaar dat die regering geen radikale verandering in die immigrasie-voorwaardes aangebring het nie. Hy verneem dat die masjinerie om die immigrante te sif reeds daargestel is maar dat dit nie outomaties in elke geval gebruik word nie.

# NET GROEIPYNE EN SPANDABELHEID SÊ MIN. HAVENGA

**Die verklaring van mnr. N. C. Havenga, Minister van Finansies, toe hy die afgelope week die Gedeeltelike Begrotingswetsontwerp ingedien en die volk in sy vertroue geneem het oor die land se ekonomiese toestand, het baie van die kommer wat daar bestaan het, uit die weg geruim.**

Mnr. Havenga het 'n deeglike oorsig gegee van die land se geldsake. Spandabelheid en onnodige uitgawes op weelde artikels moet end kry, het hy gesê, en oormatige invoer moet ingekort word sodat die verhouding tussen prys en waarde weer nouer verwantskap kan toon.

Die vraagstuk van buitelandse betalings is grootliks deur spandabelheid veroorsaak. Die Unie staan aan die vooraand van groot ontwikkeling en die ontwikkeling van die Vrystaatse goudvelde en nuwe nywerhede verg groot uitgawes. Hierdie ontwikkeling vind plaas op 'n tydstip dat die oorlogsagterstand nog nie aangevul is nie. Betaalmiddele moet gevind word om in die ontwikkeling van die land te voorsien. Ons goudreserwe is nie voldoende om in die behoefte te voorsien nie en daarom moes beheermaatreëls getref word om onnodige invoere te vermy.

### GROEIPYNE

Suid-Afrika maak tans groeipyne deur. Nywerheidsontwikkeling wat eers oor 'n aantal jare vrugte sal afwerp vra groot somme geld. In die verlede was die ontwikkeling op hierdie gebied normaal, vandag neem dit 'n buitengewone omvang aan. Die land staan voor die vraagstuk of hy noodsaaklike ontwikkeling wil inkort of om verhoogde belastings te betaal.

Mnr. Havenga het ook aangekondig dat die binnelandse lening van 3½ persent nog nie volgeskryf is nie. Daar is tot dusver £13 miljoen volgeskryf terwyl daar nog £6 miljoen gevind moet word. Hy voel dat geldelike inrigtings hul plig in hierdie opsig versuim. Mnr. Havenga het in hierdie verband van „onderstrominge" gepraat, wat deur waarnemers vertolk is as 'n verwysing na 'n georganiseerde geldmag-optrede om die regering in verleentheid te bring.

### GOUD-OOREENKOMS

Mnr. Havenga het ook aangekondig dat hy 'n ooreenkoms aangegaan het met 'n gevestigde Londense onderneming om goud teen 'n premie vir nywerheidsdoeleindes te verkoop. Die goudprodusente sal hieruit voordeel trek en die betaling sal in dollar geskied, het hy gesê. Die ooreenkoms is nog slegs 'n proefneming. Daarvolgens sal 12,000 ons goudallooi per week teen 38.20 dollar per ons verkoop word.

Hierdie verklaring van mnr. Havenga wat inhou dat Suid-Afrika nou meer dollar sal kry, het wêreldwye reaksie uitgelok. Die Internasionale Monitêre Fonds het verlede week nadere besonderhede van die Unie gevra in dié verband. In Kanada is die besluit afgekeur, waarskynlik omdat Kanada ná Suid-Afrika die tweede grootste produsent van goud ter wêreld is.

# Gevaarlike Ring Spioene Dalk Nog Bedrywig

## DIPLOMATE BETROKKE DAARBY

**Hoe die Russe etlike jare lank op die Duitse en Japanse oorlogsplanne gespioneer het, is tans openbaar gemaak deur die Amerikaanse leër, en word beskryf as die mees geslaagde spioenasie ter wêreld. Die Russiese spioenasie in Kanada word as kinderspeletjies beskou in vergelyking met hierdie bende spioene.**

Die groep het uit 20 bestaan onder leierskap van 'n Duitse Kommunis, Richard Sorge, wat hom as 'n joernalis en volbloed Nazi voorgedoen het en talle amptenare om die bos gelei het. Die hoofkwartier van die ring was in Tokio.

Die bestaan van die spioenasiering is aan die lig gebring deur 'n verraaier en die leiers het met hul lewens daarvoor betaal toe Sorge en sy handlanger, Houzi, in 1944 ter dood veroordeel is. **Die Amerikaanse leërowerheid vermoed dat oorblywende lede van die ring wat nie aan die man gebring is nie, tans hul ondergrawingswerk in die groot stede van die wêreld voortsit.**

Deur hul kontakte het die ring waardevolle inligting ingewin en het hulle die Russe op hoogte gehou van die Duitse voorneme om Rusland in 1941 binne te val. Voor die slag van Pearl Harbour het die Russe ook geweet wat gaan gebeur.

**Die spioene het hulle inligting per radio, per bodes of met behulp van die Russiese diplomatieke verteenwoordigers na die Kremlin deurgestuur.**

## Die Week In Oënskou

**Kol. Karel Roodt,** Verenigde Party L.V. vir Vereeniging het bedank as lid van die volksraad. Sy bedanking spruit waarskynlik voort uit sy verskil met die V.P. ten opsigte van die naturellevraagstuk. Hy het egter nie bedank as lid van die party nie.

* * *

**'n Spesiale kursus** vir vissers sal eersdaags deur die Departement van Unie-Onderwys en die Kaapse Tegniese Kollege ingestel word. Vissergemeenskappe sal ook onderrig word in elementêre seebiologie.

* * *

**Die Hexrivier-tonnel** sal waarskynlik voorlopig op die lange baan geskuif word. Daar is nog nie finaal daaroor besluit nie maar die verwagting is dat, ooreenkomstig die regering se beleid om uitgawes in te kort, die uitgrawing van die tonnel gestaak sal word.

* * *

**Natsuram Godse,** wat daarvan beskuldig is dat hy Gandhi verlede jaar vermoor het, is tot die dood veroordeel. Saam met hom is ook 'n ander Indiër, Apte, tot die dood veroordeel op aanklag van medepligtigheid. Vyf ander Indiërs het elk 14 jaar gevangenisstraf ontvang.

Toe hulle die hof verlaat het, het die veroordeeldes uitgeroep: „Oorwinning vir die Hindoegeloof!"

## VRYHEIDSDAG 1949

**WORD GEVIER DEUR**
*Generaalskappe A1, 2, 3 en 18*
**OP**
**SATERDAG, 5 MAART**
**OP DIE SKOUTERREIN TE**
**PAARL**

★

*Spreker:*
**GENL. JOHN VORSTER van Brakpan**

**Vanaf 5 nm. tot 7.45 nm. — GESELLIGE VERKEER**
**Vanaf 7.45 nm. — AMPTELIKE PROGRAM**

★

● Bring u eie wors, vleis en toebroodjies saam ● Koffie word verskaf ● Moenie die stukkie hout vir die Vryheidsvuur vergeet nie! ● Bring ook u vriende saam!

# Engelssprekende Bevorder Bo Seniors In Spoorweë

**Bewerings dat daar gedurende die oorlog teen Afrikaanssprekende spoorwegamptenare gediskrimineer is en Engelssprekendes met minder ondervinding en bekwaamheid oor hul hoofde aangestel is, is die afgelope week voor die Kommissie van Ondersoek na Griewe van Spoorwegamptenare gedoen. Onder diegene wat beweer dat hulle veronreg is en getuienis afgelê het, is mnr. J. Viljoen, hoofbedryfsbestuurder, en mnr. W. Heckroodt, adjunk-hoofbestuurder van die Spoorweë.**

Mnr. Viljoen het die kommissie meegedeel dat hy 'n slagoffer was van diskriminerende behandeling en dat sy bevordering terug gehou is omdat hy Afrikaanssprekend was. Hy het ook verder gesê dat die huidige hoofbestuurder, mnr. M. Clark, wat voor November 1943, sy junior was, geen administratiewe of finansiële ondervinding gehad het nie en hoegenaamd niks van die bedryfsafdeling se werk geweet het toe hy as hoofbestuurder aangestel is. Hy was 'n ingenieur.

Daar is volgens die getuie 'n spesiale pos vir mnr. Clark geskep wat die weg vir hom oopgemaak het om hoofbestuurder te word. Mnr. Viljoen het self nie gehoop om hoofbestuurder te word nie maar daar was minsetns die moontlikheid dat hy adjunk-hoofbestuurder sou word.

**RONDGESKUIF**

Sy bevordering en verhoging is vertraag omdat 'n Afrikaanssprekende hoofbestuurder nie begeer is nie. Sy klag is dat die salarisskale van sekere poste willekeurig rondgeskuif is om sekere mense te bevoordeel. Sy voorganger as hoof van die bedryfsafdeling het £2,500 per jaar verdien en hy sien nie waarom dieselfde salaris nie ook aan hom betaal kan word nie.

Mnr. W. Heckroodt het gesê dat hy reeds 41 jaar diens in die spoorweë het, o.a. as stasiemeester, as klerk van die Spoorwegraad en Minister van Spoorweë, asook privaatsekretaris van die Minister van Spoorweë. Sedert 1934 was hy onderskeidelik personeelkontroleur van die kantoor van die Hoofbestuurder, afdelingsbestuurder, waarnemende hoofmagasynsuperintendent, hoofverkeersbestuurder en die afgelope drie jaar adjunk-hoofbestuurder.

**MISLUKKING**

Sy tweede grief is die aanstelling van wyle mnr. G. T. Chittenden as assistent-hoofbestuurder (Handel), 'n pos waarvoor hy glad nie opgewasse was nie. „Ek beweer", het mnr. Heckroodt gesê „dat bekwaamheid nie deurslaggewend was by die aanstelling van mnr. Chittenden nie, maar ander oorgewings, hetsy politiek, ras of andersins."

Dit is duidelik, het getuie gesê dat dit bedoel was om mnr. Chittenden hoofbestuurder te maak, maar toe hy 'n mislukking blyk is daar aandag aan mnr. Clark gegee. Poste is geskep en hergradeer sodat mnr. Clark se salaris van £1,200 na £1,600 gestyg het. Nadat mnr. Clark hierdie pos verlaat het, is dit weer gehergradeer en die salaris met £200 verminder.

In 1943 is 'n pos vir mnr. Clark geskep as Hoof-tegniese beampte (heropbou) en hy het £2,000 per jaar ontvang. Getuie het verklaar dat daar geen grond was vir die skepping van so 'n pos nie en nadat mnr. Clark hoofbestuurder geword het, is die pos afgeskaf. Daar was drie Afrikaanssprekendes wat die senior was van mnr. Clark.

# KARDINAAL ‚ERKEN' HY IS SKULDIG

**Kardinaal Josef Mindszenty van Hongarye, wat deur die Russe vir dae aaneen gemartel is en ook verplig is om 'n „biegdrank" te drink om sy weerstandvermoë te breek, is „skuldig" bevind en tot lewenslange tronkstraf veroordeel.**

Mindszenty is die vorsprimaat van die Rooms-Katolieke Kerk in Hongarye. Nadat hy voor sy gevangeneming 'n brief nagelaat het dat enige skulderkentenis van hom afgedwing sal wees, het hy in die hof 'n brief voorgelees waarin hy skuld erken — ook van swartmarkbedrywigheid!

Die hofgeding sal waarskynlik internasionale reperkussies hê aangesien die naam van 'n Amerikaanse gesant, Selden Chapin, ook in die verband genoem word.

Die kardinaal is onder meer daarvan beskuldig dat hy in die pad van die kerk en staat gestaan het om 'n ooreenkoms te bereik. Daarby sou hy 'n koninkryk in Hongarye wou stig nadat Amerika die derde wêreldoorlog gewen het.


## KINDERVREUGDE



*Moedertjie, kom kyk! Nuwe skoene uit Suid-Afrika.*

**Gelukkige mens wat verantwoordelik is vir hierdie vreugde. Dit kan u deel wees. Bring vreugde in die hart van 'n kind en geluk in u eie lewe deur 'n bydrae vir die nood in Duitsland. Moenie uitstel nie. Stuur u bydrae aan:**

**DAHA**

**Hoopstraat 105b, Kaapstad.**
**Bloedstraat 164, Pretoria.**
**Hippo-gebou, Producestraat, Port Elizabeth.**
**Noodlenigingskomitee, Aliwalstraat 20, Bloemfontein.**
**Windhoek, Posbus 831.**

**HELP ONS OM TE HELP**


# STAPPE OM DUITSE MEDEDINGING TE BEKAMP

**Die toenemende vrees vir Duitse mededinging op handelsgebied het daartoe aanleiding gegee dat lede van vier oorwinnaarslande die afgelope week 'n aksiekomitee in Holland gestig het om Duitse mededinging te beveg. Reuter berig dat diamantbewerkers van Brittanje, V.S.A., Nederland en België in Antwerpen hierdie komitee in die lewe geroep het. Afgevaardigdes uit Suid-Afrika het ook aan die konferensie deelgeneem,**

Vertoë is reeds ook deur handelslui tot die Britse regering gerig wat versoek het dat hulle beskerm moet word teen Duitse mededinging wat vandag goedere teen lae pryse kan lewer vanweë die lae lone wat betaal word. Bevin het na aanleiding hiervan in die Britse laerhuis verklaar dat wat gewone handelsmededinging betref dit sy beleid is om 'n gesonde ekonomie in Duitsland te herstel.

Toe hy gevra is of die Duitse kompetisie 'n ernstige bedreiging vir die sukses van Brittanje se uitvoerkampanje is, het Wilson, president van die raad van handel, verklaar: „Dit het beslis afmetings aangeneem waar dit 'n ernstige bedreiging vir ons uitvoerhandel is, maar die herverskyning van die Duitse kompetisie het vrees laat ontstaan buite alle verhouding tot die goedere wat geraak word. Baie van die uitvoerware wat op die oomblik betrokke is, sal spoedig nie meer met ons kan meeding nie,"

„Wat onregverdige mededinging betref, verwag ek dat voorsiening in die statuut van besetting gemaak sal word om die militêre goewerneurs al die nodige magte te gee om die ontwikkeling van onregverdige handelspraktyke te verhoed.

„Wat die Ruhr-steenkool en staal betref, sal buitengewone magte vir die voorkoming van diskriminerende praktyke aan die owerheid van die Ruhrgebied gegee word ooreenkomstig 'n konsepooreenkoms wat onlangs gesluit is,"

Hy het geantwoord dat daar wydvertakte kommer bestaan. Daar word besef dat die volume van Duitse uitvoer binne die a.s. paar jaar vinnig moet toeneem indien Duitsland moet ophou om 'n las te wees vir die Britse en Amerikaanse belastingbetalers.

# DOELTREFFENDHEID EN EENVOUD

(vervolg van bladsy 4, kolom 5)

ting, voedseldistribusie, e.d.m. geen taak vir die maatskaplike werk is nie maar vir die staat en sy optrede.

**GESIN EN ARBEID**

Sonder om enigsins op die arbeidsbeleid in te gaan, word hier op 'n paar sake gewys, net om die verband aan te toon. **Allereers moet daarop gelet word dat arbeid wesenlik nie bloot 'n broodwinning is nie maar wel dienslewering in die belang van die volksgemeenskap. By die bepaling van die loon moet ook nie bloot gedink word aan die arbeid wat verrig word nie, maar ook en eerder aan die lewenspeil wat gehandhaaf en aan die maatskaplike en gesinsverpligtinge wat nagekom moet word.**

Dit is hier egter die hoofsaak om daarop te wys dat die bevordering van die gesinselfstandigheid vereis dat elke broodwinner vir die een of ander vertakking van die arbeid voorberei moet wees en in die behoorlike besoldigde arbeid ingeskakel moet word want dit is die vernaamste weg na gesinselfstandigheid.

In hierdie verband sal dit goed wees om net daarop te wys dat feitlik niks gedoen is om die landelike uittrekkers in die stad voor te berei vir en in te skakel in die stedelike arbeid nie. Indien so iets wel gedoen is, sou ons landelike gesinne in die stad nie sulke ontsettende ontberings moes verduur nie.

Net so moet dit beklemtoon word dat die feitlik ongekontroleerde mededinging van die nie-blankes in die arbeid, die gesinselfstandigheid van die blankes ernstige knoue toegedien het.

Ten slotte moet ook daarop gewys word hoe 'n onverstandige immigrasiebeleid die selfstandigheid van baie gesinne kan dwarsboom. Ons lei nl. deur blote kortsigtigheid te min vakmanne op en gebruik dit dan as voorwendsel om vakmanne in te voer terwyl ons eie mense in die koue gelaat word.

Dit sal dus duidelik wees dat daar tussen die gesins- en arbeidsbeleid 'n baie noue samehang bestaan.


## Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

**VUL ASSEBLIEF HIER IN**

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van..........................

vir die eerste..........................maande.

NAAM: ..........................
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES: ..........................
..........................
..........................

..........................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.**
*Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.*

# TWEETALIGE FEES BY MONUMENTKOPPIE?

**Die regering het verlede week in die volksraad aangekondig dat die fees by geleentheid van die onthulling van die Voortrekkermonument, wat hopelik op 16 Desember hierdie jaar sal plaasvind, 'n staatsfunksie sal wees. Op daardie dag sal die regering besit neem van die monument, en sal hy verantwoordelik wees vir die instandhouding daarvan. 'n Reuse-amfiteater vir 50,000 mense sal gebou word, waarvoor die regering £10,000 beskikbaar stel. Dit sal voortaan by die staat berus om te bepaal wie en wanneer die amfiteater gebruik mag word.**

In 'n toespraak in die parlement het dr. E. G. Jansen, wat in 1938 voorsitter van die komitee was wat vir die reëlings verantwoordelik was, gesê dat die regering 'n kommissie sal aanstel om die inwyding te reël en dat hy waarskynlik lid van die kommissie sal wees. Alles moontlik sal gedoen word om te verseker dat dit 'n „nasionale" viering sal wees (dit wil sê verteenwoordigend van alle seksies). Hy het daaraan toegevoeg dat die regering na afloop van die viering 'n beheerraad in die lewe sal roep wat volgens neergelegde reëls toekennings in verband met die amfiteater sal doen. **In hierdie verband kom die vraag na vore of 'n Smutsbewind daar 'n groot V-Day-viering sal kan hou na afloop van 'n volgende of ter herdenk van een van die afgelope Empire-oorloë.**

### TWEETALIG

Hierdie aankondiging het aanleiding gegee tot heelwat bespiegelings oor die konsekwensies van hierdie stap. **Die eerste vraag wat opgekom het is of, indien dit 'n staatsfunksie gaan wees, dit beteken dat God Save the King daar gespeel sal word en of die fees 'n tweetalige karakter sal dra. In 1938 het so 'n vooruitsig nadat die wenslikheid uitgespreek is dat genl. Hertzog die hoeksteen moet lê in teenwoordigheid van die Goewerneur-generaal, 'n geweldige agitasie in nasionale koerante veroorsaak wat uiteindelik daartoe gelei het dat die Hertzog-kabinet besluit het dat geen persoon wat 'n politieke kleur dra uitgenooi sal word om aan die verrigtings deel te neem nie. Die fees is toe as 'n Afrikaanse volksfees gevier waar die enigste Engelse toespraak — dié van adv. Douglas, as administrateur van Natal — doodgeskreeu is.**

### „VERSKIL"

Een persoon wie se mening oor die saak gevra is, het verklaar dat daar hierdie keer 'n groot verskil is „omdat daar nou 'n nasionale regering aan bewind is, en toe nie." **Volgens hierdie redenasie maak dit dus nie saak of God Save the King gespeel word nie, solank dit net nie 'n „onnasionale regering" is wat daarvoor verantwoordelik is nie, maar 'n nasionale!**

Aangesien die regering reeds opdrag gegee het dat Engelssprekendes ook in die feeskommissie moet dien, spreek dit vanself dat die verrigtinge 'n tweetalige karakter sal moet dra.

### „STAATSGELD"

Die argument wat gebruik word, is dat die staat uit die skatkis grootliks bygedra het tot die oprigting van die monument en dat Engelssprekendes se geld dus ook gebruik is. **Maar dieselfde argument het ook in 1938 gegeld, want die staat dra reeds sedert die vroeë dertiger jare op 'n £ vir £-grondslag by. Nogtans was die agitasie teen Engelse deelname — en selfs genl. Hertzog se deelname — toe so kwaai dat die destydse Eerste Minister hom heeltemal teruggetrek het op sy plaas tydens die viering ten einde nie aanstoot te gee nie.**

Die argument kan natuurlik beantwoord word met die teen-argument dat die regering twee jaar gelede uit die skatkis 'n groot hoeveelheid geld aangewend het vir geskenke aan die Britse vorstehuis, waarmee die Afrikaners hulle nie vereenselwig het nie. Waar daar twee sentimente is, skyn dit dus of die staat wel die reg het om bydraes te skenk op 'n seksionele grondslag, en moet dit maar beskou word of die bepaalde fondse uit die sakke van die betrokke volksdeel kom.

Bogenoemde is nog maar bespiegelings oor die saak, aangesien die regering nog nie finaal oor sy houding in hierdie opsig besluit het nie. **Indien hy wel gaan doen wat verwag word, sal die volk die ironie aanskou dat daar in 1938 by Monumentkoppie 'n Afrikaanse fees gevier is onder 'n „smelterbewind", terwyl in 1949 'n tweetalige fees gevier word onder 'n „nasionale-bewind".**

# Geesdrif Bruis Op Vir Laertrek

**Die Gebiedshoofkwartier in Kaapstad het die afgelope week vanuit haas elke uithoek van Gebied A berig ontvang van offisiere wat die Gebiedslaertrek Saterdag op Wellington sal bywoon. Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, word Vrydag in Kaapstad verwag.**

Van so ver as Upington, Keimoes en Brandvlei in die Verre Noorde, sowel as vanuit Worcester, Frasersburg, Laingsburg, Loxton en talle ander eenhede, het offisiere hulle aangemeld. Sowat vyftig het reeds teen die einde van verlede week versoek dat daar vir hulle losies op Wellington gereël moet word.

Die Offisiersvergadering vind plaas in die stadsaal en begin reeds om 9 vm. **Gedurende die aand sal die K.G. 'n vergadering in die stadsaal toespreek.**

## WINSGRENSE VERHOOG

Die winsgrense van sekere mode-artikels sal volgens 'n verklaring van die Departement van Ekonomiese Sake, vergroot word. Dit is veral weelde-artikels wat deur hierdie vergunning geraak word.

Die instemming van die Minister van Ekonomiese Sake, mnr. Eric Louw, het geskied nadat die Vereniging van Kamers van Koophandel hom verlede week gespreek het.

# ALLIG GEEN WETGEWING TEEN KOMMUNISME

**Hoewel die regering nog nie bekend gemaak het wat sy optrede teen die Kommuniste in Suid-Afrika sal inhou nie, verklaar ingeligte kringe dat dit onwaarskynlik is dat die regering hierdie sitting wetgewing sal indien om die Kommunistiese Party onwettig te verklaar omdat beweer word dat dit die Kommuniste nog meer ondergronds sal dryf. Die regering sal hom waarskynlik meer daarop toelê om die propaganda en uitinge van die Kommuniste te bestry en om hulle te verbied om van staatsfasiliteite gebruik te maak om hulle propaganda te versprei.**

Die saak is in die hande van die Minister van Justisie, adv. C. R. Swart.

In sy oorweging van die nodige stappe laat die regering hom lei deur ondervinding wat in Kanada en die Verenigde State in hierdie verband opgedoen is, word verklaar. In Suid-Afrika het ons ook die verskynsel dat van die mees invloedryke en aktiewe Kommuniste geen lede van die party is nie sodat 'n bloot negatiewe maatreël oneffektief sal wees.

### GEEN BELOFTE

**In die troonrede het die regering geen melding gemaak dat wetgewing ingedien sal word nie maar dat „stappe oorweeg word om dit doeltreffend teen te gaan."** Hierdie maatreëls hou, volgens ingeligte kringe, in dat die bestaande wette wat rasseopsweping verbied, strenger toegepas sal word asook dat daar besondere aandag gegee moet word aan diegene wat Suid-Afrika binnekom as immigrante, al het hulle ook Britse paspoorte. **Die regering het rede om te vermoed dat Kommuniste die afgelope paar jaar in groot getalle die land ingekom het.**

Te oordeel na die finansiële vermoë van die Kommuniste in Suid-Afrika, bestaan daar geen twyfel nie dat hulle fondse op groot skaal vanuit die buiteland kry. Hierop sal die regering ook ingaan en vasstel hoe dit geskied.

### PROPAGANDA

As 'n verdere maatreël om hul uitinge teen te gaan, sal die Kommuniste waarskynlik ook verbied word om hul propaganda-stukke met behulp van die poskantoor te versprei en om hulle lektuur op straat te verkoop.

**Die kern van die optrede wat oorweeg word, hou dus in dat daar nie direk teen Kommuniste opgetree sal word nie, maar dat hul propagandabuise toegestop word.** Daar word gemeen dat dit baie meer doeltreffend sal wees as die algemene verwagting dat die regering die party onwettig sal verklaar.

## VERGADERING OPBREEK

(Vervolg van bladsy 1)

reserwes nie, maar oor 'n plakkaat wat die een party opgeplak het en wat 'n belediging vir die blanke vrou sou gewees het! **Nie gemengde huwelike of republieke of ontwikkeling van naturelle-reserwes het die deurslag gegee nie, maar die opplak van 'n plakkaat wat as aanstootlik vir vroue voorgestel is!**

### OU REPUBLIEK

Vergelyk daarteenoor die verkiesings in die partylose Republiek van Transvaal waar, volgens die geskiedskrywer J. F. van Oordt, soiets soos opsweping deur middel van plakkate en vlugskrifte onbekend was. **Daar het die teenstanders in 'n verkiesing saam rondgereis in dieselfde rytuig en vanaf dieselfde verhoog hul standpunte gestel.**

Net eenmaal was daar 'n uitsondering en dit was in 1893 toe elke kandidaat 'n „verkiesingskomitee" agter hom gehad het — die begin van die partystelsel. **Die Transvaalse Volksraad het die volgende jaar dadelik stappe gedoen om hierdie uitheemse euwel in die kiem te smoor. Deur middel van wetgewing is verkiesingskomitees in die ban gedoen en is ook belet dat iemand van 'n naburige kiesafdeling „deelneem" aan die verkiesing in 'n ander afdeling — soos nou in Newlands gebeur het.** „Niemand mag buiten de wijk zijner inwoning deelnemen aan of zijn stem uitbrengen bij ene verkiezing . . . ." het dit in artikel 5 van die betrokke wet gelui, soos geamendeër in 1894. Van Oordt kon dan ook opmerk dat die verkiesing in 1898 een van die kalmste was wat ooit plaasgevind het.


**So 'n toestand wil die Ossewabrandwag graag weer sien.**

(Verantwoordelikheid vir alle politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe word, tensy anders vermeld, aanvaar deur N. G. S. van der Walt en W. R. Laubscher, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad.)

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.



WEES GEWILD
BESPEEL EEN VAN DIE BEROEMDE
HOHNER
TREK-KLAVIERE
MODEL STUDENT II



● 12 Bas ● 25 Duskantklawers ● Helder klank ● Kwaliteit en vakmanskap is van dieselfde hoë gehalte as groter HOHNER-modelle ● Voorsien van Skouerbande, ens.

*KONTANTPRYS £17 10s. 0d.*

VOORWAARDES: Deposito van £3 10s. 0d. en 15 paaiemente van £1 1s. 0d.

| ANDER MODELLE: | |
|---|---|
| STUDENT IV | £24/10/- |
| CLUB II | £29/15/- |
| VERDI II | £42/15/- |
| CLUB III | £49/10/- |
| TANGO II | £52/15/- |
| VERDI III | £66/5/- |

AAN: PHIL MORKEL, Posbus 2721, Kaapstad
Stuur asb. volledige besonderhede omtrent die HOHNER-Model
NAAM....................
ADRES....................
....................OB 16/2

Phil Morkel
6 TAKKE
POSBESTELLINGSAFDELING:
POSBUS 2721 KAAPSTAD